NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 18 – Uitgawe 44
20 November 2025

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# Een uit 'n duisend

**Ongelukkig is daar kinders wat nie in 'n liefdevolle ouerhuis grootword nie. Daar is kinders wat vasgevang word in konflik tussen hul ouers, of in konflik tussen een ouer en 'n stiefouer. Daar is kinders wie se ouers hulle glad nie versorg nie, en duisende kinders wat in ouerlose huise grootword. Daar is baie kinders wat net nie genoeg kos kry nie, wat fisies seergemaak of geestelik afgebreek word. Daar is kinders wat slagoffers word van drank- en dwelmmisbruik, en kinders wat fisies misbruik word.**

Rata is die Tswana-woord vir *liefhê*. Rata Maatskaplike Dienste is 'n organisasie wat vir sulke kinders intree. Hul professionele maatskaplike werkers gaan besoek hierdie kinders, stel verslae op en gryp met die hulp van die howe in om sulke kinders te beveilig. Rata vind pleegouers en veilige huise vir sulke kwesbare kinders en verskaf aan hulle kos, klere, skoolbenodigdhede en geestelike begeleiding. So bring Rata hoop aan kinders wat andersins aan 'n ongenadige wêreld oorgelaat sou wees.

Maar Rata se werk word ernstig bedreig deur onbestendige subsidies van die staat en provinsiale departemente van maatskaplike ontwikkeling. Die vraag is: As die staat sy plig versuim, kan ons anderkant toe kyk?

Dit is nou al die derde jaar sedert my vriend, Alphonso Theron, die inisiatief geneem het om 'n monsteruitdaging aan te pak om die monsters waarmee party kinders moet worstel, te takel – die Munga-fietstoer van Bloemfontein na Wellington. Die ryers moet die afstand van meer as 1 100 km binne vyf dae voltooi, daarom ry ons letterlik dag en nag, opdraand en afdraand, oor grondpaaie met klippe, sand of sinkplaat, en in die Karoo se ongenaakbare somerson te midde van wind (of selfs reën!). Dit word nie sonder rede die taaiste uithouren ter wêreld genoem nie!

Hierdie jaar is ons sewe fietsryers wat ten bate van Rata die Munga op bergfietse gaan aandurf. Riaan Loots en Annatjie van Wyk gaan die volle wedren solo ry. Ek en Alphonso, Chris Reyneke en di Martin Meyer en Schalk Zastron gaan die spanwedren (Équipe) doen – die wedren word in ses skofte verdeel sodat elke spanlid een skof alleen ry en die hele span moet die laaste skof saam voltooi. Conrad Blything is die bestuurder wat ons vervoer.

Maar dit gaan nie oor die ryers nie; dit gaan oor die kinders – kinders wat beveilig moet word waar hulle tans daagliks aan wanvoeding en fisiese en emosionele geweld blootgestel word. Ons ry die Munga om Rata se werk ten bate van weerlose kinders te ondersteun. Die Here het ons geseën – ons het grootgeword in liefdevolle ouerhuise en ons is gesond. Ons kan een week van ons lewens opoffer om 'n uitmergelende uithouwedren ten bate van Rata te ry. Ons maak opofferings sodat Rata kan voortgaan om kinders in nood te help.

Ons doen dit in die vertroue dat daar nog mense is – ander mense wat deur die Here geseën is – wat ons sal ondersteun. Want ons soek na 'n duisend mense wat elkeen R1 000 vir Rata sal skenk om kwesbare kinders te help.

Is jy een uit 'n duisend? Sal jy ons help om Rata te help om hierdie kinders te help? Klik dan nou ***hier*** of op die QR-kode en skenk vir ons R1 000. As daar een nul meer of minder is, sal ons dit net soveel waardeer. Maar doen dit nou! Asseblief!

**Dr Wouter van Wyk**
**Lid van die Rata Ride for a Child-span**



Ds Renier Lee

Berigte/advertensies vir plasing in vanjaar se *Blitspos* kan nog tot Dinsdag 2 Desember na **taal@nhk.co.za** gestuur word. Die laaste uitgawe van vanjaar is dié van 4 Desember, en die eerste van 2026 dié van 15 Januarie.

## Lief en leed

- **Ds Renier Lee** (emeritus) sterk steeds in die hospitaal aan. Die operasie het getoon dat dit nie kanker is nie en dus onnodig was om lob van sy long te verwyder. Die Kerk bid steeds vir sy beterskap.



Ds Gert van Staden

- Ons het met leed verneem van die afsterwe van **ds GC (Gert) van Staden** op 21 November. Ds Gert was een van die oudste predikante van die NHKA, maar het in September nog deel gehad in die legitimasie van ons nuwe proponente. Ons meegevoel gaan aan sy eggenote, tannie Johanna en hul familie. Ds Gert se troosdiens het op 25 November plaasgevind.

- **Die volgende predikante verjaar tot 5 Desember, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 27 November: Ds MA (Michael) Müller (Potchefstroom-Studente)
  - Vrydag 28 November: Dr BJ (Barry) van Wyk (emeritus/Warmbad), en ds SH (Fanie) Willers (beroepafwagtend)
  - Maandag 1 Desember: Prof Y (Yolanda) Dreyer (emeritus)
  - Dinsdag 2 Desember: Ds JPJ (Kalla) Fourie (emeritus)
  - Woensdag 3 Desember: Dr SM (Sanrie) de Beer (Philadelphia/dosent)



Ds Leon Geel (sr)

## Gemeentes en bediening

- Die **Sinodale Dienssentrum** sal vanaf **12 Desember tot 2 Januarie** vir die feestyd gesluit wees.


- **Ds L (Leon) Geel (sr)** (Grimbeekpark) het 'n beroep na Midstream Familiekerk ontvang.



Dr Christo van der Merwe

- **Dr JC (Christo) van der Merwe** (emeritus) het 'n beroep na Gemeente Middelburg-Noord (deelsorg) ontvang. Hy het die beroep aanvaar.

- **Dr Marina Kok-Pretorius** is deur die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) as die nuwe redakteur van die ***Tydskrif vir Hervormde Teologie*** (THT) aangewys.



Dr Marina Kok-Pretorius

- **Vakansiegangers** kan gerus kennis neem van die volgende **eredienstye**:
  - **Ballito** – 08:30 by Die Lyric Lounge Teater, Centre of Design, Moffatrylaan, Ballito.
  - **George** – 09:00 elke Sondag asook Geloftedag en Kersdag by 3de Straat, George-Oos.
  - **Buffelsbaai** – 09:00 elke Sondag asook Kersdag by die Goukamma kerkie agter die padstal by die afdraai vanaf die N2.
  - **Port Edward** – 08:00 by Port Edward Primary School, Fifeweg, Blackrock. Kersdag lei dr Dawie Oosthuizen die erediens.
  - **Port Shepstone** – 09:30 by Scottstraat 3, Beachfront, Port Shepstone. Geloftedag vind 'n gesamentlike erediens met NG Gemeente Port Shepstone by Kerkstraat, Port Shepstone om 09:00 plaas. Kersdag is die diens om 08:00 en word deur ds Jacques Pieterse gelei.

## Kerklike en ander publikasies




- Die **Kerkkalender vir 2026** wat die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei het, is op die Kerk se webblad beskikbaar. Kry die kalender ***hier*** en die kalendervoorblad ***hier***. Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte formaat of elektronies onder hul lidmate versprei.




- Lees gerus die jongste uitgawe van *Die Saaier* ***hier*** en kry nuwe inspirasie en bemoediging.














## Kom kyk saam

- Kom kyk saam na ons weeklikse Blitsflits. Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe.

## ’n Gedig

Ons almal is bewus van die G20-beraad...
is dit goed of kwaad?
Lank gelede, op ’n stil donker nag,
was daar ook ’n “beraad” – sonder ’n lyfwag,
ook geen groot feesmaal of ’n opgemaakte skousaal.
Net ’n stukkie brood en ’n slukkie wyn...
in mense oë onbenullig klein.
Tog het dit oor eeue soveel betekenis gekry:
Jesus het sy dissipels voorberei:
uiteindelik moes hulle die evangelie versprei:
Sy lyding sou tot oorwinning lei, sy Gees sou by die mense bly.
Dit sou verlossing vir al die nasies bring:
’n Koninkryk wat al wyer uitkring.
Wanneer jy Jesus se vrede, genade en liefde aan ander uitdeel,
kan geen vyand dit vernietig of steel.

**Anoniem**

## Fondsinsamelings




- Die ***Rata Ride for a Child***-span durf binnekort twee monsters aan – die Munga-ultramaraton vir bergfietsryers (**1 100 km tussen Bloemfontein en Wellington** van 26 November tot 1 Desember in **5 dae** deur die moordende Karoo) én die monsteromstandighede (verwaarlosing, mishandeling, molestering) waarin so baie van ons kinders vasgevang is. Sien jy kans om die Munga te ry en duisende kinders se veiligheid te help verseker? Of sien jy kans om die span en Rata te help om dit namens jou te doen? Om die monster van Rata se tekort aan inkomste te tem, wil die span R1 000 000 insamel – 1 000 individue of instansies wat elk R1 000 skenk.

  **Elektroniese betalings:** Rata Maatskaplike Dienste MSW
  ABSA tjekrekeningnommer: 020 600 209, Takkode: 632005
  Verwysing: RataMunga2025 + Naam
  Kredietkaart skakel: https://pay.yoco.com/rata-social-services-npc
  Klik ***hier*** vir meer inligting.
  Skandeer die Zapper-kode hiernaas met jou banktoep of Zapper om ’n donasie te maak.

- Dit is weer tyd vir **Gemeente Kampersrus Hoedspruit** se **basaarlootjies**! Daar is **meer as R45 000 se pryse** wat gewen kan word teen **slegs R100 per kaartjie**! Die pryse wissel van 'n heerlike harepamperlang ter waarde van R400 tot verblyf in Mosambiek vir ses persone ter waarde van R16 000.


  Daar is twee maniere om deel te neem:
  - Koop direk by Susan la Grange.
  - Jy kan ook jou kaartjie via WhatsApp by 072 636 8001 (Susan) bestel. Jy sal 'n genommerde kaartjie elektronies ontvang. Betaal regstreeks in die bankrekening met jou lootjienommer as verwysing.

  Bankbesonderhede: Nederduitsch Hervormde Kerk, Standard Bank, rekeningnommer 033358346, takkode 052752.

  Die trekking vind op **30 November** plaas!




## Toerusting




## Studentesake

- **NHSV Studieleningsfonds 2026**. Die NHSV beskik oor studielenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm vir 2026 kan ***hier*** afgelaai word. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Januarie 2026.**

# IS JY IN 2026 'N MATIE?

Stellenbosch Hervormde gemeente wil jou graag ontmoet en ondersteun in die oorgang van hoërskool na studentelewe! Ons hou 'n aanvangskamp by die Jeugkampterrein net buite Stellenbosch, omring deur berge en wingerde.

**Kontak ons vir meer besonderhede:**

dr Chris le Roux
**cleroux@mweb.co.za**
079 495 3239


**OF**

prop Elizabeth Rossouw
**3erossouw@gmail.com**
081 833 7022 (WhatsApp)
078 032 3910 (bel)

Eerstejaar of senior, **almal** is welkom

**OF** vul die kampbrief in en stuur hom vir ons: **https://tinyurl.com/ycwxzkuy**

**25-27** JANUARIE 2025 OM **14:00** OP DIE **25STE,** BY DIE KERKGEBOU **R400** PER PERSOON



# Is jy 'n eerstejaar in Potchefstroom in 2026?

Kom kamp saam met Gemeente Potchefstroom-Studente. Ons vertrek ná Sondag 25 Januarie 2026 se verwelkomingerediens vir die eerstejaars en hul ouers na Venterskroon-kampterrein.

Kontak gerus vir ds Michael Müller (062 884 2208).

**25-28** Januarie

**R1 450** per persoon wat verblyf, etes, asook die reiskoste na die kampterrein en terug insluit.



## Barmhartigheid

- **Machteld Postmus** te **Brooklyn** het tans eenhede beskikbaar in 'n rustige omgewing naby 'n winkelsentrum en kliniek.
  - Kamerfasiliteit beskikbaar by Riekie Boshoff teen R3 991 per maand.
  - Johannes Postmus: Eenmanwoonstel teen R4 641 en eenslaapkamerwoonstel teen R6 363 per maand.
  - Tweeslaapkamereenheid te koop teen R1 232 000 by Machteld Postmus.

  Indien u belangstel om meer uit te vind of te besigtig, skakel **suster Sonja Stander** by **012 346 2418**.

- **Seniordal Aftree-Oord** is die eiendom van die NHKA se Gemeente Pretoria en spesialiseer in lewenregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar.

  Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur veiligheidsdienste en toegangsbeheer en bestaan uit die volgende woonstelle:

  **Te koop:**
  - 1 Slaapkamer : R515 000.00
  - 1 ½ Slaapkamer : R520 000.00
  - 2 Slaapkamer : R560 000.00

  **Te huur:**
  - 1 ½ Slaapkamer : R6 800 per maand
  - 2 Slaapkamer : R7 960 per maand

  Kontak **Salomie Stolz** by 012 329 4318 weeksdae (08:00 tot 12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

**Oornagfasiliteite:**
Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, wat dokters moet besoek of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit.

Vir navrae oor tariewe en besprekings kan u vir **Salomie Stolz** gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318 (Maandae-Vrydae) of na-ure by 083 308 0520 kontak.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. ’n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel **Frik Rossouw** by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur-mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak **Riana de Villiers** by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. **Navrae**: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan **mej Sanet du Plessis**, per e-pos na **taal@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mej Du Plessis bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

Here Jesus Christus
U is my Redder en Verlosser.
Ek is lief vir U.
Kom woon in my hart.
Maak van my hart ’n nuwe Betlehem,
’n plek waar U kan woon.
Open my ore sodat ek u stem kan hoor.
Open my gees sodat ek u waarheid kan herken.
Open my mond sodat ek U kan prys.
Open my wil sodat u wil kan geskied.
Open my siel vir u groot liefde.
Skenk vir my ’n suiwer hart, ’n gelouterde hart,
’n hart wat vervul is van u vreugde en u vrede.
Maria, my Moeder, u het Jesus in die krip in Betlehem neergelê.
Lê Jesus nou ook in die krip van my hart.
Begelei my deur hierdie dag.
Amen.

(Vertaal deur mej Sanet du Plessis)

https://www.hetwerk-fso.org/geloof-en-leven/gebed-in-de-advent



| | |
|---|---|
| Redakteur: | Dr Johan van Staden |
| Subredakteurs: | Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha |
| Koördineerder: | Mej Sanet du Plessis |
| Uitlegkunstenaar: | Mnr Hugo van Niekerk |
| Joernalis: | Ds Iwana Kruger |